## 13 Februarie Matteus 10:16-31 (5:10)

### *Die ware Koninkryksburger: Gehaat en vervolg in die wêreld*

Waarom sou Koning Jesus 'n agste saligspreking byvoeg by sewe ander wat volledig is? Omdat ware Koninkryksburgers moet weet hulle gaan verseker vervolg word in die wêreld.

Jesus praat nie van politieke vlugtelinge of van oorlogsvervolgdes nie, maar van vervolgdes ter wille van die geregtigheid. Dit is die mens wat doen wat reg is volgens die Wil van God. Dit is die mens van die saligsprekinge, met ander woorde, hy of sy wat die volle pad van die saligmakende geloof vanaf die armes van gees tot by die vredemakers deurloop het. Sy regte geloofslewe het hoorbaar en sigbaar geword in die wêreld, want deur die Heilige Gees het hy al meer gelykvormig geraak aan die beeld van Jesus, sy Saligmaker - en die wêreld haat en vervolg vir Jesus! (Joh. 15:18-20). Die aanstigter van hierdie haat-veldtog is die duiwel en sy bose geeste (Op 12:13 en 17).

En moet nou tog nie dink die vervolging kom net deur brandstapels, vuurpelotons of aanrandings nie! As jy jou Christenskap uitlewe, dit wil sê, die sewe karaktertrekke van die ware Koninkryksburger openbaar, gaan ook jy beskimp en belaster word. Jy sal beledigings moet verduur, belieg en geëtiketteer word, vuil kyke kry en as 'n pretbederwer bestempel word!

Maar ware Koninkryksburgers is ook geneig tot die kwaad, jy wil liewer neutraal wees, liewer deur die wêreld geprys as gehaat. Stry dan baie hard teen neutraliteit. Want die Koninkryk van die hemele behoort aan jou, sê die Koning van die ware Kerk. Deur sy soenverdienste en sy Heilige Gees kon jy uit genade God se erfgenaam word.

As jy na jouself kyk, sien jy 'n mens gehaat en vervolg in die wêreld?

Sing: Psalm 71:7,8 Ds. R.L. Vorster (Odendaalsrus)